Publication: Beeld(Uitgawe2) (Sport)
Publication Date: 18 Oct 2017
Page: 17

AVE: 35580.34
Circulation: 41286
Part: 1 of 1



VERHUIS NA PORT ELIZABETH

# Luvo se tasse gepak

**Wim Pretorius**

Luvo Manyonga, wêreldkampioen in verspring en Olimpiese silwermedaljewenner, en die Universiteit van Pretoria (Tuks) se paaie gaan skei.

Manyonga (26) se suksesverhaal – een waarin hy 'n tikverslawing in Mbekweni in die Paarl oorkom het om die podium in Rio de Janeiro te bestyg – het in 2016 wêreldwyd opslae gemaak.

Manyonga is vanjaar as wêreldkampioen in Londen gekroon en spog met agt van die jaar se 10 voorste spronge.

Die Afrika-rekordhouer, wat by Tuks se hoëprestasiesentrum geoefen het, het egter nou besluit om sy tasse te pak en na Port Elizabeth te verhuis.

"Ja, dis waar. Tuks en Luvo se paaie gaan skei. Hy sal nou na 'n nuwe bestemming trek om te oefen," sê Lee-Roy Newton, Manyonga se agent.

Hy wou egter nie uitwei oor die redes vir dié verrassende besluit nie.

Daar word vermoed dat hy die besluit weens familieomstandighede geneem het.

Manyonga het 'n bietjie meer as twee jaar gelede by Tuks aangesluit nadat Gideon Sam, president van Saskok, ingegryp en gereël het dat dié sportliggaam help om vir dié atleet se verblyf en afrigting te betaal.

Volgens Neil Cornelius, Manyonga se afrigter in Pretoria, gaan hy steeds by hom betrokke bly as sy tegniese koördineerder.

Cornelius trou op 8 Desember en daarom kan hy nie na Port Elizabeth verhuis nie, maar hy glo dis nie 'n onoorkombare probleem nie.

"Ons sal alles nog uitwerk. Ek kan reis, ek kan vlieg, ek kan Skype, ek kan bel, video's kan geneem word. Daar is baie dinge wat ons kan doen," sê hy.



Luvo Manyonga

Die strategie waarvolgens Manyonga afgerig word sonder Cornelius se teenwoordigheid is niks nuut vir dié atleet nie.

"Toe Luvo oorsee deelgeneem het, was Danie du Toit (van Tuks se hoëprestasiesentrum) saam met hom, terwyl ek in Suid-Afrika was. Ek het toe deur hóm gewerk. Hy het video's gestuur en ek het so aanbevelings gemaak. Daar is altyd iets wat gedoen kan word. Geografiese verwydering is deesdae nie meer iets wat 'n mens terughou nie."

Die Statebondspele vind in April in Australië plaas. Cornelius meen dat volgende jaar net 'n bousteen sal wees vir die groot prys – 2020 se Olimpiese Spele in Tokio.

Manyonga het in Rio die goue medalje in die heel laaste ronde aan die Amerikaner Jeff Henderson afgestaan toe dié hom met 'n enkele sentimeter geklop het. Manyonga het 'n beste sprong van 8.37 m gehad, met Henderson wat 8.38 m gespring het.

"Ons fokus bly nou op 2020," sê Manyonga.

"Alles wat ons doen, is met die oog op die Olimpiese Spele. Ek wil wraak neem. 'n Sentimeter is twak. Vanjaar was baie goed, maar ek het steeds slapelose nagte oor daardie een sentimeter. Ek soek die goue medalje."

Volgende jaar sal steeds 'n bedrywige een vir die atleet wees en met die Wêreld-binnenshuise byeenkoms, Statebondspele, Afrika-byeenkoms en die Kontinentalebeker wat almal plaasvind, sal dit 'n geval wees van die verspringer reg bestuur.

"Daar wag 'n paar lekker byeenkomste," sê Cornelius egter.

"Met die oog op die volgende Spele sal ons meer tyd bestee aan sy swakpunte en wanbalanse. Al die klein goedjies wat hom weg hou van die baan."

Toby Sutcliffe, waarnemende hoof van TuksSport, het die atleet ook sterkte toegewens met sy besluit.

"Ons wens vir Luvo die beste toe met sy toekoms en hoop dat hy sal voortgaan om die atletiekwêreld te oorheers," het hy gister in 'n verklaring gesê.

This article is copyright protected and licensed under agreement with DALRO. Redistribution, modification, re-sale of this is not allowed without prior written consent of the original author of the works.